# Die Hel

# 'N VERDRAAIDE WAARHEID ONTRAFEL

DEUR JOE CREWS

Kopiereg © 1984 deur
Joe Crews

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

# DIE HEL
# 'N VERDRAAIDE WAARHEID ONTRAFEL

DEUR JOE CREWS

Een van die mees teologies verwarrende onderwerpe in die Bybel is die van die hel. Geestelikes het daaroor rondgetas en dit is deur leke verdraai totdat die woord nou beter bekend is as 'n alledaagse vloek- en kragwoord. Orals vra mense dieselfde vrae: Wat en waar is die hel? Wat is die lot van die goddelose? Sal 'n God van liefde mense vir ewig martel? Sal die vuur van die hel ooit die goddeloosheid uit die sondaars brand?

Hierdie is vrae wat betroubare Bybelse antwoorde verdien, en die stryd rondom die onderwerp moet ons nie ontmoedig om die volle waarheid soos dit in Christus is, te ontbloot nie. Eerstens moet ons verstaan dat daar 'n hemel is om te wen en 'n hel om te vermy. Jesus het geleer dat elke siel óf gered sal word

óf verlore sal gaan. Daar is geen middelweg of tweede pryse nie. "Die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande. Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader." Mattheus 13:41-43.

In die lig van hierdie twee uiterste bestemmings vir almal wat ooit gebore is, moet ons verseker dat ons die regte pad vind. Christus het gesê, "Ek is die weg, die waarheid en die lewe." Die enigste sekere veilige weg vir enigiemand is om dit wat Jesus oor die hel geleer het, presies so te aanvaar. Sy leerstelling is die enigste een wat ten volle betroubaar en waar is. Hy het gesê dat sommige in die vuur gewerp sal word, en sommige sal in die koninkryk voortskyn.

Alhoewel moeilik om te glo, word Christus deur baie godsdienstige leiers daarvan beskuldig dat Hy 'n valsheid oor hierdie onderwerp leer. Hy word daarvan beskuldig dat Hy geleer het dat 'n onsterflike siel by die dood uit die liggaam wegvlieg na óf die hemel óf die hel. Dit is beslis nie wat Jesus geleer het nie. Hy het nooit die geringste aanduiding gegee dat een of ander liggaamlose siel by die dood van die liggaam geskei word nie. Hy het ook beslis nooit die indruk geskep dat die goddelose 'n ewige straf gaan verduur sodra hulle sterf nie.

Kom ons kyk na 'n voorbeeld van wat Jesus werklik oor die onderwerp van die hel geleer het. "En as jou hand jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en in die hel te gaan …" Markus 9:43. Hierdie woorde van die Meester bewys bo enige twyfel dat dit die liggaam is wat in die vuur ingaan, en nie een of ander mistieke siel nie. In Mattheus 5:30 het Hy gepraat van die "hele liggaam" wat in die hel gewerp word. Dit beteken hande, voete,

oë, en al die ander lidmate van die fisiese liggaam.

In teenstelling met die leerstelling van Christus, weerklink moderne preekstoele met dramatiese voorstellings van denkbeeldige siele wat die liggaam by die dood verlaat – wesenlose en vormlose siele. Hierdie siening, gewild soos dit ookal mag wees, is heeltemal teenstrydig met wat Jesus geleer het. Let duidelik op, want die Meester Leermeester het dit herhaaldelik in die evangelies uitgespel – diegene wat in die hel se vuur gewerp word, sal daarheen gaan met hande, voete, oë, en al die fisiese eienskappe van die liggaam. Hulle sal nie in een of ander onaardse toestand van vormlose gees of siel gaan nie.

Nou is ons gereed om vier belangrike feite uit die Bybel te ondersoek wat die meeste van die vrae verduidelik wat oor die lot van die goddelose gevra word.

## Straf Na Die Oordeel

Die eerste belangrike feit oor die hel is die volgende: *Die ongereddes gaan nie onmiddellik nadat hulle sterf na ‘n plek waar hulle gestraf word nie, maar word in die graf bewaar tot die oordeelsdag om gestraf te word.* Christus het hierdie waarheid duidelik in die welbekende gelykenis van die koring en die kaf geleer. Nadat die huiseienaar die koring in die land gesaai het, het sy dienskneg kom rapporteer dat daar onkruid tussen die graan gegroei het. Sy vraag was of hy die onkruid moes uittrek terwyl dit nog baie klein was. Die huiseienaar se antwoord was, “Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie. Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur.” Mattheus 13:29,30.

Vervolgens Christus se woorde terwyl Hy die betekenis van die gelykenis verduidelik: "Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens, en die saailand is die wêreld. Die goeie saad – dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose, en die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die engele. Net soos die onkruid dan bymekaar gemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld: die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande." Mattheus 13:37-42.

Niemand kan die gelykenis vereenvoudig deur uit te brei op wat Jesus gesê het nie. Dit is so duidelik dat 'n kind dit kan verstaan. Hy het gesê dat die onkruid die goddelose mense voorstel, en dat hulle "in die voleinding van hierdie wêreld" in die vuur gewerp word. Dit was met die oes dat die skeiding sou plaasvind, en Hy het duidelik gesê, "Die oes is die voleinding van die wêreld." Hoe kan enigiemand hierdie woorde van Christus misverstaan? Die idee dat die goddelose met hulle dood hel toe gaan, weerspreek ons Here se spesifieke leerstelling dat hulle aan die einde van die wêreld in die vuur gewerp sal word.

Aangesien die oordeel ook eers plaasvind na Christus se wederkoms, kan ons sien hoedat dit onmoontlik is vir enigiemand om voor dit gestraf te word. Regverdigheid vereis dat 'n persoon geoordeel word voordat hy gestraf word. Petrus het verklaar, "Die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word." 2 Petrus 2:9. Dit maak beslis sin, nie so nie? Veronderstel dat 'n man voor die hof gebring word omdat hy beskuldig word dat hy gesteel het, en die regter sê, "Sluit hom vir tien jaar op en dan sal ons sy saak hanteer." Selfs nie 'n

menslike regter sal so onregverdig wees nie! Hy sou aangekla word vir so ‘n daad. God sal sekerlik nie Homself skuldig maak aan so ‘n klug nie.

Indien ons sou toelaat dat die Bybel bedoel wat dit sê, kan daar geen twyfel oor hierdie punt wees nie. Die goddelose word “bewaar” tot wanneer? Tot die “oordeelsdag.” Waarvoor? “Om gestraf te word”! Dit beteken dat hulle nie voor daardie oordeelsdag gestraf kan word nie. Sê die Bybel waar hulle bewaar sal word tot dan? Christus Self het gesê, “Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom ‘n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.” Johannes 5:28,29.

Hoe duidelik! Jesus het gesê dat beide die goeie en slegte *uit hulle grafte* sal kom om óf die lewe óf veroordeling te ontvang. Dit bewys dat van die tyd van die dood totdat hulle uit die grafte kom in die opstanding, hulle nie enige beloning of straf ontvang nie. Dit gebeur alles nadat hulle opgestaan het. Hulle word bewaar tot daardie dag net soos wat Petrus aangedui het, maar Christus het dit uitgespel waar hulle bewaar sal word – “in die grafte.”

Indien eenvoudiger woorde nodig is, luister na wat Jesus in Lukas 14:14 sê, “want dit sal jou vergeld word in die opstanding van die regverdiges.” Of luister weer na Hom in Mattheus 16:27, “Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van Sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade.” Wanneer is “dan”? Wanneer Hy saam met Sy engele kom. Geen beloning of vergoeding word uitgedeel voor die opstanding van die regverdiges nie, wanneer Hy saam met al die engele kom. Hierdie versies is onbetwisbaar duidelik. Geneem in hulle konteks, bevat hulle geen dubbelsinnigheid of

verskuilde betekenis nie.

Christus word weer in die heel laaste hoofstuk van die Bybel aangehaal, "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." Openbaring 22:12. Hier herinner Hy ons dat "elkeen" – elke persoon – sy regverdige beloning sal ontvang wanneer Christus na hierdie aarde terugkeer. Job verklaar "dat die goddelose bewaar word tot op die dag van vernietiging. Hulle sal voortgebring word na die dag van wraak." Daniël het geskryf dat hulle wat "in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik." Daniël 12:2.

Kan daar enige twyfel wees oor waar die goddelose bewaar word voordat hulle die opstanding, die oordeel en die straf in die gesig sal staar? Ons het die getuienis van Petrus, Daniël, Job en die Meester Self. Daar is geen ruimte vir haarklowery nie. Hulle word in die graf bewaar.

Nou kom ons by die tweede belangrike feit aangaande die hel: *Nie een van die ongereddes sal in die helse vuur gewerp word voor na die tweede koms van Jesus aan die einde van die wêreld nie.* Alhoewel ons alreeds aansienlike bewys oor hierdie feit gesien het, kan ons na nog meer kyk. Toe hy die straf van die goddelose beskryf het, het Johannes geskryf: "Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood." Openbaring 21:8.

## Geen Tweede Dood Voor die Opstanding Nie

Hier word die verlorenes in die helse vure voorgestel, waar hulle die straf vir hulle sondes verduur. En wat is daardie straf?

“Die tweede dood,” sê Johannes. Besef u wat bewys dit aangaande die goddelose? Dit bewys dat hulle eers na die opstanding plaasgevind het, in die poel van vuur gewerp sal word. Hierdie mense sterf die tweede dood in die vuur, maar hulle kan nie ‘n tweede dood sterf voordat hulle ‘n tweede lewe gekry het nie. Hulle het die eerste lewe in hierdie wêreld geleef, die eerste dood gesterf en is begrawe. Voordat hulle ‘n tweede dood kan sterf, moet hulle opgewek word – hulle moet ‘n tweede lewe kry. Dit is natuurlik wat aan die einde van die wêreld gebeur. Jesus het gesê, “Almal wat in die grafte is, sal uitkom.”

Nadat hulle daardie tweede lewe in die opstanding ontvang het, sal die goddelose gestraf word vir hulle sondes in die helse vuur, “wat die tweede dood is.” Terloops, daardie tweede dood is die finale, ewige dood van waaruit daar geen opstanding sal wees nie. Die punt waarvan hier kennis geneem moet word, is die *tyd van hierdie straf met die helse vuur* – dit is na die opstanding aan die einde van die wêreld. Dit vind nie ten tye van die eerste dood plaas soos wat so baie gelei was om te glo nie.

Vertel die Bybel vir ons hoe die goddelose in die poel van vuur gewerp sal word? Ja, dit sê vir ons. Johannes beskryf die dramatiese gebeure wat aan die einde van die duisend jaar sal plaasvind. “En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.” Openbaring 20:7-9.

Hier aan die einde van die duisend jaar (millennium) sal al die goddelose mense wat nog ooit geleef het te voorskyn kom in die tweede opstanding. Nadat hy beskryf het hoe die regverdiges

weer sal lewe en die duisend jaar saam met Christus sal regeer, het Johannes geskryf, “En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie.” Openbaring 20:5.

Die res van die dode moet natuurlik die goddelose wees, en hulle opstanding sal vir Satan ‘n geleentheid gun om voort te gaan met sy volgehoue stryd teen God en die heiliges. Hy gaan uit om die skare van herrese verlorenes bymekaar te maak. Hy het mense om weer eens te bedrieg, en hy oortuig hulle dat hulle die oorhand oor die Nuwe Jerusalem kan kry wat van God uit die hemel neergedaal het (Openbaring 21:2). Terwyl hulle optrek en die stad omring, word die goddelose skielik oorval deur die vernietigende vuur wat vanuit die hemel op hulle neerdaal. *Hierdie is die helse vuur wat die finale straf vir sonde is.*

## Ligging van Die Hel

Die Bybel verklaar duidelik dat hierdie vuur die goddelose hier op “die breedte van die aarde” verteer. Elke Bybelskrywer wat oor die onderwerp van die hel praat, voeg nuwe insigte by oor die tweede dood van die goddelose. Petrus verklaar: “Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as ‘n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense.” 2 Petrus 3:7. Dan vervolg hy verder om die dag van die Here te beskryf wat selfs die elemente met verskroeiende hitte sal wegsmelt.

Die taal van Petrus is baie uitdruklik oor die plek van straf vir die goddelose. Hy sê dat hierdie aarde vir die vuur bewaar is, wat oordeel en verderf vir die goddelose sal bring. Hulle straf sal op hierdie aarde wees. Jesaja het verklaar, “Want die Here hou ‘n dag van wraak, ‘n jaar van vergelding in die regsaak van Sion. En sy strome sal in pik verander word en sy stof in swawel, en sy land sal brandende pik word.” Jesaja 34:8,9.

Die profeet beeld die hele planeet uit wat met die vernietigende vuur omring is. Selfs die strome en stof word verander in ontploffende verbranding van pik en swawel. Jesaja sê hierdie is God se wraak en "vergelding" aan die einde van die stryd.

Dawid voeg by die getuienis met hierdie woorde, "Hy sal op die goddelose vangnette, vuur en swawel laat reën; en 'n gloeiende wind sal die deel van hulle beker wees." Psalm 11:6. Let daarop dat hy byna dieselfde woorde as Johannes en Petrus gebruik om die lot van die goddelose te beskryf. Almal stem saam met die plek van straf (die aarde) en die manier van straf (vuur).

Dit bring ons nou by die derde belangrike feit oor die onderwerp van die hel. *Die hel as 'n plek van straf sal op hierdie aarde wees wat in 'n poel van vuur verander word op die Oordeelsdag.* Dit laat egter ook ander baie interessante vrae oor die lot van die goddelose ontstaan. Een van die ingewikkeldste en verwarrendste vrae het te doen met die tydsduur van die straf. Hoelank gaan die goddelose aanhou lewe en ly in daardie vuur?

Niemand kan daardie vraag presies beantwoord nie, omdat die Bybel sê dat hulle volgens hulle werke gestraf gaan word. Dit beteken dat daar verskillende grade van straf sal wees. Sommige sal langer as andere ly. Een ding kan ons egter met sekerheid sê – die goddelose sal nie vir ewig in daardie vuur lewe nie.

## Die Helse Vuur Is Nie Eindeloos Nie

Daar is verskeie redes vir die sekerheid oor hierdie punt. Eerstens, daar word ook verklaar dat hierdie aarde die uiteindelike tuiste van die regverdiges sal wees. Jesus het gesê, "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe." Mattheus 5:5. Petrus, nadat hy beskryf het hoe hierdie aarde sal

ontplof en met ‘n groot geraas sal verbrand, het ‘n nuwe aarde gesien wat gevul was met geregtigheid.  “Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en ‘n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.”  2 Petrus 3:13.

Die goddelose kan nie aanhou om op hierdie planeet te lewe nie, want dit is spesifiek, as ‘n geheel, aan Abraham se geestelike saad belowe (Romeine 4:13).  Nadat dit gereinig is van die vloek van sonde, sal dit herstel word soos dit in die begin was, en tot God se oorspronklike plan daarvoor.  Dit sal uiteindelik wees wat God beplan het dat dit moes wees – ‘n volmaakte tuiste vir ‘n volmaakte volk.

Tweedens kan die goddelose nie aanhou om op hierdie aarde te lewe nie, omdat hulle God nooit vertrou het vir ewige lewe nie.  Dit is slegs die regverdiges wat die gawe van die ewige lewe sal ontvang.  “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, …”  Johannes 3:16.  Maar wat van diegene wat nie in Hom geglo het nie?  Hulle sal sekerlik verlore gaan.  Die Bybel sê, “Die loon van die sonde is die dood.”  Romeine 6:23.  Moet asseblief nie die duidelike eenvoudigheid van hierdie verse miskyk nie.  Daar word nooit aan die goddelose lewe belowe nie.  Hulle word die dood belowe – ewige dood.  Slegs aan die regverdiges word lewe belowe – ewige lewe.

Daar is slegs een manier om ewigdurende lewe te ontvang, en dit is deur geloof in Jesus.  Johannes beskryf dit op hierdie manier:  “En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun,.  Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.” 1 Johannes 5:11,12.  Laat my toe om u ‘n vraag te vra:  Het daardie goddeloses in die poel van vuur die Seun van God? Natuurlik nie.  Hoe kan hulle dan lewe hê?  Johannes sê, “En julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in

hom het nie."  1 Johannes 3:15.  Sal daardie moordenaars in die helse vuur voortgaan om vir ewig lewe te hê?  Nooit!

Dit sou die grootste kettery wees om te glo dat die ewige lewe vanuit ‘n ander bron as Jesus verkry kan word.  Waar sou die goddelose dit kry?  Paulus verklaar dat Jesus Christus "die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het *deur die evangelie*."  2 Timótheüs 1:10.  Inspirasie openbaar geen ander bron van onsterflikheid behalwe deur die evangelie van Christus nie.  Waar is ‘n teks in die Bybel wat die toekening van onsterflikheid aan die goddelose beskryf?  U kan dikwels lees van die regverdiges wat dit ontvang, maar nooit die ongelowige nie.

Paulus het gesê, "Kyk, ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.  Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word."  1 Korinthiërs 15:51-53.

Hierdie teks praat van ‘n sekere tydstip wanneer die regverdiges onmiddellik verander sal word in onsterflike wesens. Daardie tyd is nog in die toekoms.  Dit gebeur wanneer Jesus terugkeer, met die laaste trompet, wanneer die opstanding plaasvind.  Nêrens in die Bybel lees ons dat die goddelose so verander word nie.  En dit is omrede hulle nie die gawe van ewige lewe ontvang dat hulle nie kan aanhou om in die poel van vuur te leef nie.

Dit is ondenkbaar en onredelik om so ‘n gebeurtenis te fabriseer.  Dit is teenstrydig met die Bybel en weersinswekkend vir die sintuie.  Esegiël het verklaar, "Die siel wat sondig, dié moet sterwe."  Esegiël 18:4.  Dit maak nie saak wat ons beskou as ‘n siel nie, laat ons die eenvoudige Bybelse feit aanvaar dat dit kan sterf en dat dit sal sterf as gevolg van sonde.

Indien die goddelose vir ewig in die vuur sal lewe, dan het hulle dieselfde iets as die regverdiges, net op ‘n ander plek.  Wie anders as Christus kan vir hulle die ewige lewe gee?  Johannes 3:16 verduidelik hierdie strydpunt so duidelik en eenvoudig. Diegene wat nie in die eniggebore Seun glo nie, sal *verlore gaan.* Hulle sal sterf.  Hulle sal die tweede dood sterf – ‘n ewige dood waaruit hulle nooit opgewek sal word nie.  Daardie dood sal nooit eindig nie.  Dit is ‘n eindelose, ewige straf, omdat dit ‘n eindelose, ewige dood is.

## Onblusbare Vuur

Iemand kan die vraag vra:  Wat van die onblusbare vuur wat die goddelose verbrand?  Beteken dit dan nie dat dit nooit sal uitbrand nie?  Natuurlik beteken dit nie dit nie.  Om te blus, beteken om uit te doof of dood te slaan.  Niemand sal die vuur van die hel kan doodslaan nie.  Dit is die vreemde vuur van God. Niemand sal daaruit kan ontsnap deur dit uit te doof nie.  Jesaja sê van daardie vuur, “Kyk, hulle het geword soos stoppels, vuur het hulle verbrand; hulle kan hulself nie red uit die mag van die vlam nie – dit is geen kool om by warm te word nie, geen vuur om daarvoor te sit nie!”  Jesaja 47:14.  Nadat daardie vuur sy vernietigingswerk voltooi het, sal dit doodgaan.  Niemand kan hulleself uit die vlamme daarvan red deur dit uit te doof nie, maar uiteindelik sal daar geen kooltjie oorbly nie.  So sê die Skrifte.

Jeremia het geprofeteer dat Jerusalem sou brand met ‘n vuur wat nie uitgeblus sal word nie (Jeremia 17:27), maar dit het tot as verbrand (2 Kronieke 36:19-21).  Lees daardie versies en kyk hoe die Bybel die woord “uitblus” gebruik.  Dit beteken nie vuur wat nooit sal uitbrand nie.  Dit beteken slegs wat dit sê, “onblusbaar.” Dit kan nie geblus word nie.

En wat kan ons sê oor die uitdrukkings “ewig” en

“ewigdurend” wat gebruik word om die vure van die hel te beskryf? Daar is geensins verwarring of teenstrydigheid wanneer ons toelaat dat die Bybel sy eie definisie van terme gee nie. Baie maak die fout om moderne definisies toe te pas op daardie bybelse woorde sonder verwysing na hulle antieke konteksuele gebruik. Hierdie oortree een van die mees fundamentele reëls van vertolking.

Die feit is dat ewige vuur nie ‘n vuur beteken wat nooit sal uitbrand nie. Dieselfde uitdrukking word in Judas 7 gebruik met verwysing na die vernietiging van Sodom en Gomorra. “Soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aan geloop het, as ‘n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan.”

Dit is heel duidelik dat Sodom nie vandag nog brand nie. Die Dooie See bedek die plek waar daardie antieke stede eens gestaan het. Nogtans het hulle met “ewige vuur” gebrand het, en daar word vir ons gesê dat dit ‘n voorbeeld van iets was. Waarvan is dit ‘n voorbeeld? “En deur die stede van Sodom en Gomorra tot as te verbrand, hulle tot ondergang veroordeel het en as ‘n voorbeeld gestel het vir die wat in die toekoms goddeloos sou wees.” 2 Petrus 2:16.

Daar is dit! Daardie ewige vuur wat Sodom in as verander het, is ‘n voorbeeld van wat uiteindelik met die goddelose gaan gebeur. Indien hierdie teks waar is, sal dieselfde soort vuur wat Sodom en Gomorra vernietig het, ook die goddelose in die poel van vuur verbrand. Dit moet ewige vuur wees. Beteken dit dat dit die goddelose ook tot as sal verbrand? Die Bybel sê Ja. “Want kyk, die dag kom, en dit brand soos ‘n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, ‘n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal

oorlaat nie. … En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die Here van die leërskare." Maleági 4:1,3.

Geen woorde van enige taal kan dit meer oortuigend of duidelik maak nie. Hierdie ewige vuur brand vir ewig uit. Self Satan, die oorsprong, word uiteindelik verteer. Hoe konsekwent lyk die hele prentjie nie wanneer ons toelaat dat die Bybel sy eie uitdrukkings verduidelik nie. Watter slinkse manipulasie van woorde sal nodig wees om weg te skram van die duidelike betekenis van hierdie woorde. Nogtans kan diegene wat deur 'n leeftyd van tradisie bevooroordeel was, daardie woorde "hulle aan die brand steek … hulle sal stof wees" lees en nog steeds daarop aandring dat die goddelose lewendig is en ly.

Weliswaar sal daar sommige dubbelsinnige versies oor hierdie onderwerp wees, maar ons vind dat hulle almal saamstem wanneer die konteks oorweeg word, en die Bybel toegelaat word om sy eie kommentaar te wees.

Selfs Christus se woorde in Mattheus 25:46 is nie verwarrend wanneer ons die vanselfsprekende betekenis neem nie. "En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe." Baie is bekommerd oor die uitdrukking, "ewige straf," maar let daarop dat dit nie sê "ewigdurende straf" nie. Wat die straf ookal is, sal dit vir ewig aanhou. Sê die Bybel vir ons wat die straf is? Natuurlik. "Die loon van die sonde is die dood." Romeine 6:23. Jesus het dus eenvoudig net gesê dat die dood vir ewig sal wees. Dit sou nooit ophou nie. Dit sou nooit deur 'n opstanding verbreek word nie.

Paulus vereenvoudig dit nog verder met hierdie woorde: "In vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie. Hulle sal as straf ondergaan …" Luister, nou, Paulus gaan ons vertel wat die straf is. "Hulle sal as straf

ondergaan ‘n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte.” 2 Thessalonicense 1:8,9. Die straf is dus ewigdurende vernietiging – ‘n vernietiging wat ewigdurend is. Daaruit sal daar geen opstanding of hoop van lewe wees nie.

Maar wat van die wurm wat nooit sterf nie? Baie het die woorde van Jesus oor die hel gelees, “Waar hulle wurm nie sterf nie en die vuur nie uitgeblus word nie.” Markus 9:45,46. Sommige het verklaar dat die wurm die siel is. Is dit wat Jesus bedoel het? Nêrens in die Bybel is daar enige verwysing dat die siel ‘n wurm is nie.

Jesus het byvoorbeeld die woord “Gehenna” gebruik vir die woord “hel.” Gehenna was ‘n werklike plek waar verbranding plaasgevind het net buite die mure van Jerusalem. Ongetwyfeld kon Christus se luisteraars die rook sien opstyg van die Vallei van Gehenna, waar dooie liggame en vullis voortdurend verbrand is. Indien enigiets buite die vernietigende vlamme geval het, was dit vinnig deur maaiers of wurms verteer. Met die duidelike tonele van totale uitwissing voor hulle oë, het Jesus die Gehenna vuur as ‘n voorbeeld van die algehele vernietiging van die helse vuur, gebruik. Die vuur was nooit uitgeblus nie, en die wurms was gedurig aan die werk op die liggame – ‘n prentjie van totale vernietiging.

Miskien is die teks oor die hel wat die meeste misverstaan word, Johannes se sinspeling op die rook wat “vir ewig en ewig” opgaan. Vir diegene wat nie bekend is met ander gebruike van hierdie uitdrukking in die Bybel nie, kan dit inderdaad baie verwarrend wees. ‘n Vergelyking van versies in beide die Ou en Nuwe Testamente openbaar egter dat die woorde “vir ewig” 57 keer in die Bybel gebruik word met verwysing na iets wat alreeds tot ‘n einde gekom het. Met ander woorde, “vir ewig” beteken nie altyd “sonder einde” nie.

Baie merkwaardige voorbeelde kan aangehaal word, maar twee of drie is die moeite werd om genoem te word. In Exodus 21, word die voorwaardes neergelê aangaande die wet van vryheid. Indien ‘n dienskneg gekies het om voort te gaan om die meester wat hy liefgehad het, te dien eerder as om sy vryheid te neem wanneer hy dit kon verkry, dan moes sy oor met ‘n els deurboor word en die Skrifte verklaar, “daarna moet hy hom vir altyd dien.” Vers 6. Hoelank sou daardie dienskneg egter sy menslike meester dien? Natuurlik slegs solank as wat hy geleef het. Die woorde “vir ewig” het dus nie beteken sonder einde nie.

Hanna het haar seun, Samuel, na God se tempel geneem, waar hy “vir altyd” sou bly. 1 Samuel 1:22. In vers 28 lees ons egter, “So staan ek hom dan ook af aan die Here al die dae wat hy leef.” Die oorspronklike betekenis van die uitdrukking “vir ewig” dui ‘n onbepaalde tyd aan. Gewoonlik beskryf dit die periode van tyd waarin iets kan aanhou om te bestaan onder die huidige omstandighede. Selfs Jona se verblyf in die maag van die vis word deur hom as “vir altyd” beskryf. Jona 2:6.

Sommige kan beswaar maak dat hierdie ook die lewe van die regverdiges in die hemel kan beperk, omdat hulle beskryf word dat hulle God vir ewig verheerlik. Die uitdrukkings is dieselfde vir beide die gereddes en die verlorenes. Daar is egter ‘n geweldige verskil in die betrokke omstandighede. Die heiliges het die gawe van onsterflikheid ontvang. Hulle lewe word nou vergelyk met die lewe van God. Onsterflikheid beteken “nie onderworpe aan die dood nie.” Die woorde “vir ewig” wat met verwysing na hulle gebruik word, kan slegs “sonder einde” beteken, omdat hulle alreeds onsterflik is. Wanneer “vir ewig” egter gebruik word om die goddelose te beskryf, praat ons van sterflike skepsels wat kan en moet sterf. Hulle “vir ewig” is slegs solank as wat hulle sterflike natuur in die vuur kan oorleef wat hulle straf ooreenkomstig hulle werke.

## Siel en Liggaam Vernietig

Dit bring ons by die finale feit aangaande die lot van die goddelose. *Nadat die ongereddes gestraf is volgens hulle sondes, sal hulle weggevee word, beide liggaam en siel.* Jesus sê dit baie eenvoudig, "En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, … maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel." Mattheus 10:28.

In die lig van hierdie stelling, hoe kan enigiemand voortgaan om aanspraak te maak op onsterflikheid vir die goddelose? Jesus, die Enigste een wat die gawe van lewe kan gee, verwerp die moontlikheid dat diegene in die hel kan aanhou lewe in enige vorm wat ookal. Die lewe sal vir ewig uitgeblus word, en die liggaam sal in die vlamme vernietig word.

Die psalmis het geskryf: "Maar die goddelose sal omkom en die vyande van die Here soos die prag van die weivelde; hulle verdwyn soos rook, hulle verdwyn." Psalm 37:20. "En nog 'n klein rukkie en die goddelose sal daar nie wees nie; ja, jy sal ag gee op sy plek, maar hy sal daar nie wees nie." Vers 10.

Die sterkste, beslissendste woorde in die menslike taal word gebruik om die vernietiging van die hel te beskryf, maar mense hou nog steeds vol dat die skrywers nie regtig bedoel het wat hulle woorde sê nie. "Vernietig," "verteer," "uitbrand," "verslind," "dood" – het hierdie woorde een of ander geheimsinnige, teenoorgestelde betekenis in die Bybel as wat hulle in ander boeke het? Ons het geen rede om so te dink nie. Die feit is dat teologie 'n monster gemaak het van ons groot God van liefde. Hy word voorgestel as wreder as Hitler. Selfs al het Hitler mense gemartel en met hulle geëksperimenteer, het hy hulle uiteindelik toegelaat om te sterf. Dat God egter hierdie onsterflike siele lewendig sal hou met die doel om hulle te sien krul en skree

dwarsdeur die ewigheid, is waarop die teoloë aanspraak maak.

## God se Regverdigheid Gehandhaaf

Nie slegs is so ‘n prentjie ‘n wanvoorstelling van God se liefde nie, dit verdraai Sy regverdigheid. Dink vir ‘n oomblik aan die implikasies van ‘n leerstelilng wat elke verlore siel na ‘n onmiddellike, nimmereindigende hel sou stuur ten tye van die dood. Veronderstel ‘n man het 5,000 jaar gelede gesterf met een gekoesterde sonde in sy lewe. Sy siel sou onmiddellik na die vuur gegaan het om vir ewig gemartel te word. Stel u dan ‘n ander dood voor; die van Adolph Hitler, wat die dood van miljoene mense veroorsaak het. Volgens die gewilde leerstelling, sou sy siel ook onmiddellik na die hel gegaan het om vir ewig te ly. Die man wat egter verlore gegaan het as gevolg van een sonde, sal 5,000 jaar langer as Hitler brand. Hoe kan dit regverdig wees? Sal God op so ‘n manier optree? Dit sou die Bybelse stelling weerspreek dat elkeen volgens sy werke geoordeel moet word.

Daar is twee uiterste sienings wat huidiglik gehandhaaf word aangaande die straf van die goddelose. Een is Universialisme, wat aanspraak maak dat God te goed is om toe te laat dat enigeen verlore moet gaan. Die ander is die aaklige leerstelling van eindelose marteling wat vir ewig sal aanhou in ‘n donker gang van angs en lyding. Beide is verkeerd. Die waarheid lê tussenin. God sal die goddelose straf volgens hulle werke, maar Hy sal goddeloosheid in die proses nie onsterflik maak nie.

Ek glo waarlik dat baie eerlike persone van God weggedraai het, as gevolg van hulle afsku vir hierdie wanvoorstelling van Sy karakter. Hulle kan nie iemand liefhê wat goddelose mense na willekeur vir ewig sal laat ly sonder enige doel in sig nie. Geen rehabilitasie is moontlik nie. Slegs ‘n wraaksugtige gees van

wraak kan deur so ‘n onuitspreeklike reëling gedien word. Is dit hoe God is? Nadat hy die Bybelse waarheid oor die hel gehoor het, het ‘n bank se president sy arms om my skouers gegooi en gesê, “Joe, ek glo nou weer. Vir jare het ek nie geglo nie, omdat ek geleer was dat God die goddelose vir ewig sou straf.”

## Geen Pyn of Dood Meer Nie

Binnekort gaan God ‘n skoon heelal hê. Al die gevolge van sonde sal vir ewig verwyder wees. Daar sal geen sonde, geen sondaars en geen duiwel wees om mense te verlei nie. Dit sal presies wees soos wat God dit in die begin beplan het.

Johannes beskryf dan die toekomstige tuiste met hierdie woorde, “En God sal die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.” Openbaring 21:4.

Kan u enige moontlikheid van lyding in daardie wonderlike woorde vind vir enigiemand in die hele herskape heelal? God het gesê dat daar geen trane en pyn meer sou wees nie. Glo u Sy Woord of kies u om die mens se gissings te glo? Net vier versies voordat hy hierdie belofte geskryf het, het Johannes beskryf hoe die goddelose in die poel van vuur gewerp sal word. “En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp. En ek het ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.” Openbaring 20:15; 21:1.

Volgens Openbaring 20:9 is daardie poel van vuur hier op die planeet aarde. Let egter daarop dat hierdie plek waar die goddelose sal brand, verby sal gaan, en God sal die *nuwe* aarde in die plek daarvan skep. Die nuwe Jerusalem daal neer voordat

die vuur die goddelose vernietig, en daarna, volgens vers 4, sal daar geen droefheid, pyn, trane, of dood meer wees nie.

Indien daar geen pyn meer sal bestaan nie, kan daar ook nie ‘n ewige hel bestaan nie. Die twee dinge is onderliggend apart van mekaar. Ons moet God elke dag dank dat Sy plan uiteindelik ‘n einde aan lyding sal bring. Satan sal nie daar wees om pyn te veroorsaak nie, en God beloof dat Sy nuwe koninkryk selfs nie eens ‘n sweempie van pyn sal bevat nie.

## Die Hel Is Nie Vir Ons Bedoel Nie

Laastens behoort ons verheug te wees dat die hel nooit vir my en u bedoel was nie. Jesus het gesê dat dit “berei is vir die duiwel en sy engele.” Mattheus 25:41. Indien ons in daardie vuur beland, sal dit die grootste flater wees wat ons ooit kan maak. U sal daarheen moet gaan oor die gebroke liggaam van Jesus Christus en ten spyte van die Vader se liefde, die Heilige Gees se pleidooi, en die hemelse invloed van ‘n miljoen engele. Die mees onbeantwoordbare vraag in die hele wêreld is hierdie: “Hoe sal ons ontsnap as ons so ‘n groot verlossing verwaarloos?” Daar is geen antwoord nie, omdat daar geen ontsnapping is behalwe deur Christus en Sy kruis nie.

Niemand sal verlore gaan omdat hy gesondig het nie, omdat almal gesondig het. Niemand sal uit die hemel weggelaat word omdat hy gelieg, gesteel, of egbreuk gepleeg het nie. Die enigste rede waarom enigiemand verlore sal gaan, is omdat hy weier om weg te draai van sy sonde na die arms van ‘n liefdevolle Verlosser wat gereed staan om hom van alle ongeregtigheid te vergewe en te reinig. “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” Johannes 3:16.